GOVERNMENT NOTICES
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF EDUCATION
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

HIGHER EDUCATION ACT, 1997 (No. 101 OF 1997)

No. 1356 **30 October 1998**

TERMINATION OF PROVISIONING OF HIGHER EDUCATION BY NON-REGISTERED PRIVATE HIGHER EDUCATION INSTITUTIONS

I, Sibusiso Mandlenkosi Emmanuel Bengu, Minister of Ecucation, hereby, in terms of section 75 of the Higher Education Act, 1997 (No. 101 of 1997), give notice that no private institution, or a foreign institution, shall be allowed to offer higher education in South Africa after 31 December 1999, unless such institution has been registered, or been conditionally registered, by the Registrar of Private Higher Education Institutions in terms of section 51 of the above-mentioned Act.

The Registrar of Private Higher Education Institutions has already, during the first week of February 1998, by notices in the *Government Gazette* and in Sunday newspapers, called for private higher education institutions to register with his office. In order to allow for the necessary administrative processes, which would include accreditation by SAQA, to take place and be completed prior to 31 December 1999, all private higher education institutions who have not yet applied for registration as called for in the above notices, shall submit such applications to the Registrar on or before 31 March 1999, at the following address:

The Registrar of Private Higher Education Institutions
Department of Education
Private Bag X895
PRETORIA
0001.

S. M. E. BENGU

Minister of Education

WET OP HOËR ONDERWYS, 1997 (No. 101 VAN 1997)

No. 1356 **30 Oktober 1998**

BEËINDIGING VAN DIE VOORSIENING VAN HOËR ONDERWYS DEUR NIE-GEREGISTREERDE PRIVATE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS

Ek, Sibusiso, Mandlenkosi Emmanuel Bengu, Minister van Onderwys, gee hiermee kennis in terme van artikel 75 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (No. 101 van 1997) dat geen private inrigting, of 'n buitelandse inrigting, toegelaat sal word om hoër onderwys in Suid-Afrika aan te bied na 31 Desember 1999, tensy so 'n inrigting geregistreer, of voorwaardelik geregistreer is deur die Registrateur van Private Inrigtings vir Hoër Onderwys in terme van artikel 51 van bogenoemde Wet.

Die Registrateur van Private Inrigtings vir Hoër Onderwys het alreeds gedurende die eerste week van Februarie 1998 kennis gegee in die Staatskoerant en in die Sondagpers dat private inrigtings vir hoër onderwys by sy kantoor moet registreer. Om voldoende tyd toe te laat om die noodsaaklike administratiewe prosesse, wat akkreditering deur die SAKO insluit, te voltooi voor 31 Desember 1999, moet alle private inrigtings vir hoër onderwys, wat nog nie aansoek vir registrasie gedoen het nie soos in bogenoemde kennisgewings vermeld, hulle aansoeke voor of op 31 Maart 1999 aan die Registrateur by die onderstaande adres besorg:

Die Registrateur van Private Inrigtings vir Hoër Onderwys
Departement van Onderwys
Privaatsak X895
PRETORIA
0001.

S. M. E. BENGU

Minister van Onderwys